NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SINODE
GOUDLAND
Johan Brink
VOORSITTER: SINODALE BESTUURSKOMMISSIE

Herderlike brief van die SBK aan die lidmate van Goudland Sinode

Die eerste volle SBK-vergadering van Sinode Goudland het op die 22ste Februarie plaasgevind. Die ledetal van die vergadering is aansienlik meer as vroeër en reflekteer die besluite van die onlangse Sinode rakende die struktuur en funksioneringswyse van die Sinode in die toekoms. Sommer met die intrapslag was dit duidelik dat die fokus op gemeentes en hulle onderlinge verband in die toekoms toegespitsde aandag sal geniet. Daar is ruim tyd afgestaan om na nuus uit gemeentes en streke te luister en so 'n geheelbeeld te kry van wat op die oomblik in die Sinode Goudland aan die gang is. Veral twee sake het 'hoofopskrifte' gehaal.

Enersyds die goeie nuus van die deurdringende reën wat in die grootste gedeelte van ons gebied geval het. Dis is uitkoms van Bo waarvoor ons nie genoeg dankbaar kan wees nie! Die herstel van die veld en die oorloop van damme wat enkele weke gelede net modderpoele was, het die gemoedstoestand van menige heilvol opgelig – God se sorg oor ons is inderdaad omvangryker en heerliker as wat ons ons enkele weke gelede kon indink.

Daar is egter andersyds 'n saak wat die vergadering met diep besorgdheid vul. Terwyl die Here se sorg so onuitspreeklik goed oor ons is, is ons toenemend bekommerd oor ander sake: die voortslepende droogte in die Wes-Kaap en ander gebiede in die land, die kommandowurms wat sy verskyning gemaak het en dreig om goeie oeste te vernietig en baie mense wonder "hoekom". Dan is daar die saak van misdaad wat ons elke dag van bewus word in die media en ons as't ware oorrompel elke dag. Dit maak so baie mense moedeloos en dit voel of ons geweldadiger teenoor mekaar word. Suid Afrika het een van die gevaarlikste plekke op aarde geword! Die respek vir mense se lewens het 'n jammerlike laagtepunt bereik.

Op plase, in woonbuurte, voorstedelik en informeel, het menselewens goedkoop geword. Daar kan redes aangevoer word vir die oorsake van die uiters hoë vlakke van geweld; endemiese armoede, werkloosheid, ontnugterde verwagtinge... geeneen van die faktore kan egter die geweldadige brutaliteit regverdig nie! Dit skreeu ten hemele!

In sulke omstandighede kan ons maklik die vraag vra wat die moedelose Israeliete aan Moses gevra het: "Is die Here by ons of nie?" (Eks.17:7). Ons diepste troos bly steeds om ons daaraan te *herinner* en daaraan *vas te hou* wat ons Hoëpriester, Jesus Christus, ná sy hemelvaart met sy voortgaande werk doen. Die skrywer van die Hebreërbrief teken vir ons 'n prentjie van Jesus as 'n simpatieke en genadige Verlosser wat ons *liefhet* en *verstaan* en wat na sy hemelvaart steeds baie naby aan ons is en ons kan help in moeilike situasies.

- Ons hoor in die brief van Jesus se *liefde* vir ons: om ons te help het Hy 'n mens geword soos ons (2:14).
- Ons hoor van sy *nabyheid* by ons. Hy is ons Broer wat nooit ver van ons af is nie (2:12-13).
- Ons hoor van sy *begrip* en *genade*: Hy weet wat lyding en swaarkry is (5:8-9) en daarom het Hy begrip en medelye vir ons omstandighede (4:15).
- Jesus is die "gesig" van God. God se openbaring wat sy tent kom opslaan het tussen ons. Hy is God se hande en voete. Om Hom in die geloof te sien, is genoeg. Sy woorde is lewende woorde. Sy nabyheid is lewende water vir ons almal.

Terwyl elke landsburger medeverantwoordelikheid moet aanvaar vir die herstel van die morele 'vesel' van ons samelewing, is dit so dat daar 'n besondere verpligting op die owerheid rus om toe te sien dat geregtigheid en vrede gedy. Die beklemmende vermoede bestaan by baie dat die onmag van die owerheid om na behore op te tree deels te wyte is aan diepliggende onwil en agteloosheid. Hierdie land, wat nie so lank terug internasionaal geroem is as 'n plek waar 'n 'politieke wonderwerk' plaasgevind het, verdien veel beter as wat tans die geval is.

Ons moedig graag alle gelowiges aan om vas te hou aan die Hoop, Jesus ons Here, wat hulle bely, en te bly bid vir hierdie land en sy mense, vir owerheid en onderdaan, en veral vir die slagoffers van sinnelose geweld. Terselfdertyd sal ons as SBK saam met die ASM die owerheid langs gepasde weë wys op hulle plig en verantwoordelikheid.

Groete en voorbidding van huis tot huis in Goudland

Johan Brink en André Schmidt
(nms. die SBK)